View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

# BOEKBESPREKING.

DR. J. H. BAVINCK, *Het Woord voor de Wêreld*, 205 bls. Baarn Bosch en Keuning N. V. (De Bussy, Pretoria). Prys 14/-.

In eenvoudige en heldere taal beskrywe dr. Bavinck in hierdie boek, hoedat die Bybel kom tot alle volkere van die wêreld met die Woord van God. Dit kom met 'n werklike antwoord op al die groot lewensvrae waarmee alle mense worstel. Dit is die wonder van die Bybel dat dit nooit in die lugledige spreek nie, oor dinge wat ons nie raak nie maar dat, hoewel wat plaas en tyd van ontstaan betref, wat taal en vorm betref gebonde is aan 'n bepaalde tyd en land, en 'n bepaalde volk, dit tog nooit verouderd en uit die tyd is nie, — maar die antwoord van God bring op die vrae van die mense van alle plekke en alle tye. Dit vat alle volkere in die oog. Die Bybel bring die Woord van God vir die wêreld in die volle sin van die woord. En wat die wêreld is in sy volle en ryke verskeidenheid, die wêreld van die antieke en moderne heidendom, dit ontvou die skrywer vir ons op verrassende wyse. Die wêreld is die agtergrond, die toneel waarop die Woord van God verskyn, en waarheen die Woord kom. Dit is goed dat die skrywer daarop wys dat ons nie maar sonder meer mag praat van 'n partikularistiese godsdiens van die O.T., waarteenoor die N.T. dan Universalisties sou wees nie. In die O.T. is God nie alleen God van die uitverkore volk nie, maar die God van alle volkere. Alle volkere het op een of ander wyse te doen met God wat hulle geskape het. Abraham, die geroepene sal wees tot 'n seën vir al die geslagte van die aarde en Israel se roeping is om te wees die lig van alle volkere. Ook in die N.T. rig Gods Woord sig tot „elke geslag en taal en volk en nasie."

Met enkele lyne teken die skrywer vir ons die antieke heidendom, met die geloof in demone, gode en geheimsinnige kragte, asook die moderne heidendom, sonder tempels en altare, 'n „asfalt-heidendom," nugtere ateïsme en ongeloof, wat sig verhef alleen op die triomfe van die mens. Dit word vir ons duidelik dat Israel altyd gewoon het tussen heidense volkere, en dat die Bybel ontstaan het in tye en 'n wêreld wat gedrenk was met heidense gedagtes en gebruike. Met erns gaan die Bybel in op al die vrae en probleme waarmee die heidendom geworstel het. Ons noem bv. die mens en sy plek in die natuur die „ek" en die gemeenskap, die geheimenis van die mens, die probleem van die dood. Op al hierdie vrae gee die Bybel 'n heel ernstige, maar tegelyk ook die bevrydende en vertroostende antwoord.

Ons noem dit 'n verdienste van die boek dat dit ook lesers, wat nie vakkennis het nie, 'n blik gee op die heidense wêreld met die groot verskeidenheid van religieuse gedagtes, vermoedens, verwagtinge, en ons laat sien hoe die volkere van alle tye met die groot lewensprobleme geworstel het.

Die lees van hierdie boek sal elkeen innerlik verryk, en elke Christen verbly, dat hy sy weg nie hoef te soek in die skaduwees van menslike gedagtes en vermoedens nie maar mag wandel in die heldere lig van Gods Woord.

S. P. VAN RENSBURG.

---

FRITZ BAMMEL, *Das heilige Mahl im Glauben der Völker*, C. Bertelsmann Verlag, Gütersloh 1951.

Gedurende die afgelope tien, vyftien jaar, het die werklikheid én problematiek van die Sakramente weer prominent in die belangstellingskring van die Protestantse Teologie getree. Die opmerkinge van K. BARTH teenoor die gebruiklike doopspraktyk, het nuwe en grondige besinning oor die feit, die fundering, betekenis en praktyk van die Heilige Doop laat ontstaan. In Nederland het die werksaamheid van die Liturgiese Kring en die s.g. sakramentsteologie van W. J. AALDERS en G. VAN DER LEEUW nie net die Doop nie, maar ook die *Heilige Avondmaal* én die belangrikheid van *„die Sakramentele"* in die algemeen, prominent benadruk. In hierdie sfeer pas ook die boek van BAMMEL, en teen hierdie agtergrond gesien, is dit ook 'n belangrike bydrae tot die betere verstaan van die sakrale sfeer en sakramentele ruimte waarin die heilige maaltyd leef. Dit is nie só dat ons meen dat hierdie knap en materiaalryke ondersoek in die godsdiensfenomenologie, die grond en agtergrond van die interpretasie en verstaan van die heilige Avondmaal is nie, maar wel só dat hier belangrike strukture van die heilige maaltyd in die algemeen én van die Avondmaal — want ook dit is voorwerp van ondersoek — oopgedek word.

Die boek van BAMMEL bestaan uit twee dele : I. 'n Empiriesbeskrywende tipologie waarin beskrywend 'n geweldig-groot hoeveelheid historiese materiaal in verband met die menslike eksistensie (in individuele ên sosiologiese opsig) gebring word. Die strukture wat hier blootgelê word, is die maaltyd wat :

(a) die lewensonderhoud eers *moontlik maak*, bv. die oes (of die gebruik van die eerste vrugte) kan nie begin, voordat 'n heilige maaltyd dit eers moontlik maak nie;

(b) wat die voortplanting van die stam, volk en besitting (bv. diere) *waarborg ;*

(c) wat die bestaan *bewaar* d.w.s. gesondmaak, reinig en ontsondig;

(d) wat die bestaan *in mag laat toeneem* bv. 'n lang lewe, heil en geluk aan die bestaan verleen.

Die heilige maaltyd begrond nie alleen die menslike lewe en die gemeenskap (volk, staat, stam, ens.) nie, maar waarborg, bewaar en sit dit ook voort. Dit verhoog ook die krag en etiese gehalte van die „*siel*" in hierdie lewe, help dit voort op die „sielereis" en skenk ook „ewige lewe" daaraan bv. verbind dit met die Al-ene.

II. die tweede afdeling van BAMMEL se boek bestaan uit 'n vergelykende tipologie waarin (op die wyse van HEINRICH FRICK) die verskille én die gemeensame elemente tipologies georden word. Vanuit hierdie tipologie word aangetoon dat wat in godsdiensfenomenologiese sin verskillende grondliggende maaltydtipes is, in die Christelike Kerk met verskillende konfessionele uitdrukkingsvorme- en nuanses van die Avondmaal ooreenkom. So word bv. aangetoon dat die voortplanting-versekerende maaltyd in die natuurreligies voorkom in die Totemmaaltyd van die Kpelle in Liberië en die tondi-offermaaltyd van die Indonesiese Batakke en in die volksgeloof van die oud-Persiese Haoma-maaltyd. In die Christendom kom dit tot uitdrukking in die „Bruidsmis" van die *Missale Romanum* en ook in die hernhutterse Avondmaalsviering tegelyk met die „huweliksfees."

BAMMEL wys in hierdie boek nie net die beheersing van 'n tiental moderne en primitiewe tale nie, maar beheers hierin ook alle moontlike godsdienshistoriese stof. Bowendien is dit ook goeie fenomenologie. Dit is 'n prag-werk oor hierdie onderwerp en behalwe 'n godsdiensfenomenologiese leerboek oor hierdie onderwerp, ook 'n goeie naslaanwerk. Dit het 'n aanskoulike „Uebersichtstafel" en 'n uitgebreide register.

B. J. ENGELBRECHT.

Pretoria.

---

KARL ELLIGER, *Das Buch der zwölf kleinen Propheten, 2. Teil*: Die Propheten Nahum, Habakuk, Zephanja, Haggaï, Sacharja, Maleachi. Das Alte Testament Deutsch, Neues Göttinger Bibelwerk, Teilband 25. Göttingen, Vandenhoeck u. Ruprecht, 1950, IV, 206 S. Prys by subskripsie DM 6.80, apart DM 8.20.

Met bekwame spoed vorder die uitgawe van hierdie besonder aanbevelenswaardige Bybelverklaring, waarvan ons die eerste twee bande in HTS VI, 3, Maart 1950, bl. 150 vv. aangekondig en aangeprys het. By die behandeling van die eerste ses sgn. „klein profete" deur ARTUR

WEISER vorm diê van die laaste sestal deur ELLIGER 'n waardige pendant. Netsoos WEISER steun ELLIGER se uitleg op 'n nougesette kritiese behandeling van die teks; albei eksegete laat daarby gedurig die aktualiteit van die profetiese boodskap besef, die „tydloosheid van hulle oproep tot boete" soos die aankondiging dit formuleer. Die teologiese inhoud, die wat mens sou kan noem openbaringsgehalte van die profetiese geskrifte, kom ook by ELLIGER tot sy reg, maar nêrens laat hy 'n dogmatiese standpunt die suiwere tekswoord oorheers en verdonker nie. Hy is in hierdie opsig miskien versigtiger as WEISER. Hy erken in die voorwoord dat die afhankelikheid van die teologiese insig van 'n „saubere" sorgvuldige literêre en historiese analise hom by die bewerking van die boek menigmaal smartelik tot bewussyn gekom het. Hoe weldadig opreg doen so 'n verklaring aan in teenstelling met so baie Skrifverwringing deur vooropgesette, krampagtige leerdwang. Opvallend is ook by ELLIGER die afwesigheid van alle apodiktiese ponering van verworwe resultate; gedurig laat hy naas sy eie resultaat ook ander moontlikhede oop. Moontlik het hy 'n enigsins te sterke neiging tot logiese analise van die betrokke perikope met as gevolg 'n te veel uitmekaar haal van gedeeltes wat tog vir die antiek-oosterse geestesgesteldheid, vir die „Bybelse denke" wel 'n eenheid kan gevorm het. Daarteenoor staan as kredietpos dat ELLIGER ook aan die later bewerkings en toevoegings van en tot die teks volle aandag gee en ook by hulle na die teologiese boodskap soek. So gaan daar tog vrywel niks van die Bybelteks vir die prediking verlore nie.

Die kort inleidings tot die aparte profetiese geskrifte is instruktief en gee naas bekende resultate, krities persoonlik verwerk, by meer as een ook eie, nuwe insigte. ELLIGER neem posisie teen 'n te strak liturgiese verstaan van die geskrifte van bv. Nahum an Habakuk, hoewel die liturgie 'n rol mag gespeel het by die uiteindelike vormgewing. Die religieuse gehalte van Nahum lyk my by ELLIGER se verklaring beslis te kort te kom. Habakuk word nòg uit die Griekse nòg uit die Assiriese tyd verstaan, maar uit die tiental jare voor die eerste Babiloniese aanval op Jerusalem; dit is geheel gerig teen die opkomende „Galdeërs" op wie die beskrywings van H. 1 wel nie presies pas nie, maar ELLIGER sien dit as aktuële toepassing en „Sinngebung" op die Babiloniërs van wat moontlik sy eerste vormgewing aan die optrede van die Egiptiese en Assiriese en ander magte van Habakuk se tyd ontleen het. Hierdie interessante poging tot oplossing van die Habakuk-probleem is vernuftig uitgedink, maar dit lyk my moeilik om veral die wee-roepe van Hab. 2:6b-20 te verstaan ten opsigte van 'n opkomende mag waar Israel nog so min ervaring van opgedoen het; op Assirië pas dit veel beter. Sefanja word tereg geplaas tydens die minderjarigheid van Josia en as wegbereider van sy latere reformasie gesien, en dus as oudste van die drietal Nahum-Habakuk-Sefanja. Haggai word gereken tot 'n groep ballinge wat in die begin van Darius se regering teruggekeer sou het,

waarvan ons die lys in Esra 2 en Neh. 7 sou hê. Sowel by Haggai as by Sagaria (veral die herderperikoop H. 11) en Maleagi skemer die twiste met die Samaritane deur waaraan ELLIGER groot betekenis vir die vorming van die Joodse gemeente toeken. Die laaste ses hoofstukke van Sagaria word in 'n selfde verhouding tot die eerste agt gesien as „Deuterojesaja" tot die eerste Jesaja, en ongeveer 'n eeu na Sagaria gedateer, nl. nl. vanaf die begin van die Griekse periode, dus in die laaste kwart van die 4de eeu. Daar is geen rede vir datering in die Makkabese tyd nie. ELLIGER meen geen voor-eksiliese stukke in Deuterosagaria te behoef aan te neem nie, wat die probleemstelling aansienlik vereenvoudig — ek vrees ten onregte. Die herderfiguur van H. 11 is oorspronklik nie Messiaans nie, wel die van H. 13; by die figuur van die Deurboorde van H. 12:10 vv. „gaan die blik van die profeet seldsaam trefseker na nuwe vertes en sirkel om die gestalte van die aan die kruis op Golgota Deurboorde, wel sonder die gestalte van Christus duidelik te gryp, maar tog merkwaardig rakend aan die geheimenis van die Opstanding" (S. 162). So gee ELLIGER telkens uitsigte na die Nuwe Testament sonder egter in die nivellerende eksegese te verval van wat sig so dikwels graag as „christologiese eksegese" by uitstek aandien.

B. GEMSER.

---

VOLCKMAR HERNTRICH, *Der Prophet Jesaja, Kap.* 1-12. Das Alte Testament Deutsch, Teilband 17. Göttingen 1950, XX, 222 S. Prys by subskripsie DM 7.20, apart DM 9.40.

Ook hierdie band van Das Alte Testament Deutsch vertoon die kenmerke van die hele totsover verskene serie, nl. ingrypende kritiese behandeling van die teks tesame met diepe inlewing in die teologiese gehalte daarvan met gedurige verwysing na die fundamentele eenheid van die Outestamentiese en die Nutestamentiese verkondiging. By HERNTRICH, een van die twee „uitgewers" van die serie, oorheers die „teologiese" behandeling meer as by die totsover aangekondigde bewerkers; en hierdie teologie is duidelik die dialektiese. By alle erkenning van die waarde en waarheid van hierdie teologie mag tog gevra word of enige teologie die eksegese soseer mag beheers dat háár geluid duideliker herkenbaar is as die spraak van die teks soos dit die nie-teologies geskoolde Bybelleser aanspreek. Maar as reaksie op 'n vroeëre psigologiserende en historiserende eksegese veral van die profesiese geskrifte het hierdie benadering van die teks ongetwyfeld sy waarde. En die brug na die prediking en na die gebruik van die Bybelteks vir die ampspraktyk en vir die geloofslewe is op hierdie wyse gouer geslaan.

Reeds die Inleiding laat die sterk teologiese geluid hoor. Die hier behandelde gedeelte van die boek Jesaja word gesien as 'n weerspieëling van die konfrontasie van wêreldmag en Godsvolk.; die wêreld- en tydhistoriese verloop word deur die profeet „eindhistories", eskatologies belewe en verklaar: die profeet „staan op die drumpel van die laaste dag", die mure van die geskiedenis word by hom „hauchdün", dun soos die asem van die wind; die mens leef „op die drumpel", die ander dimensie is naby, aangrensend, die profeet weet dat God op die drumpel staan.

Die houding van die profeet in die „Sternstunden", die beslissende oomblikke van die geskiedenis van Israel, soos toe Jesaja voor Agas gestaan het (H. 7), is nie te verstaan as hoër staatmansinsig nie, nog as die van 'n idealisties-utopiese godsdienstige dromer nie, nog selfs as die van 'n geloofsheld nie, maar as van iemand wat nugter en reël reken met die wonder van God en Sy ryk. Die prediking van Jesaja is oordeels- en heilsverkondiging tegelyk en in een, sonder enige begrypelik te make oorgange. Herntrich ontken ten sterkste die gedagte van die gerig as 'n louteringsgerig; m.i. te sterk en ten onregte, maar te verstaan as reaksie teen die verkeerde opvatting as sou die voorstelling van 'n louteringsgerig noodsaaklik die gedagte insluit van 'n goeie kern in die mens self. Die tema: die mens niks, God alles, beheers die hele verklaring. Ook die Messiaanse getuienis van die profeet word gesien as uitsprake oor die magteloosheid van die mens en heenwysings na die mag van God alleen. Die hele prediking van Jesaja in die eerste 12 hoofstukke (vir sover „eg", want verskillende gedeeltes en woorde word as later toegevoeg beskou) word gesien as ontvouwing van wat die profeet in sy roepingsuur ervaar het (Bl.XVII).

'n Nawysbaar oorspronklike orde van die boek, 'n „oergestalte van denkbare volmaaktheid" soos Procksch meen te kan konstateer, ontken Herntrich; die boek is die werk van eeue; ook in H. 1-12 is verskillende kleiner versamelings saamgegroei, afgesluit deur 'n eskatologiese, naeksiliese perikoop (H. 11:10 vv.) en 'n psalm (H. 12) vir die liturgiese gebruik van die versameling.

Die eksegese van die afsonderlike perikope is ryk aan treffende opmerkinge, sowel wat die woordgebruik en fyner nuanserings daarin betref as wat die begripsinhoud van vir Jesaja tiperende uitdrukkings soos „reg" en „geregtigheid" aangaan (sien bl. 16v., 19, 20, 22, 71 e.e.).

Die direk-Messiaanse strekking van verskillende perikope word verdedig, selfs van die *çèmah jahwê* van H. 4:2; in Jes. 7 word die vertaling *parthenos* „jonkvrou, maagd" van die Septuagint goedgekeur, al lê die nadruk nie op die maagdelikheid van die moeder nie somin as op ander van die enkele trekke, maar geheel op die wonder van God, wat hier iets nuuts skep. Mitologiese agtergrond wil die skrywer hier eintlik nie aanvaar nie, maar kan tog nie heeltemal klaarkom sonder

hierdie aanname en spreek so tog van „wat in die skemering van mitologiese voorstelling mag voorhande gewees het" en „Oeroue Verlosserverwagting kom die Jesajawoord tegemoet" (bl. 133, 131). Ook by sy behandeling van Jes. 11 : 1-9 (waarby vs. 9 as nie van Jesaja gesien word) is die teensin teen en tog min of meer onontkombaarheid van die aanname van mitologiese trekke merkbaar (bl. 214v.), wat aan die verklaring 'n enigsins tweeslagtige karakter gee, asof die skrywer se dogmatiek en sy eksegese nie tot ooreenstemming kan kom nie. Ook lyk my sy eksegese dogmaties oorbelas as hy bv. beweer dat H. 9 : 1 slegs in samehang met Gen. 1 en Joh. 1 verstaan kan word, dat die vier (so tereg, nie vyf nie) name van die Messias van vs. 5 alvier sy godmenselike karakter uitdruk, dat die Messias hier nie as koning voorgestel word nie (want God is die Koning), dat H. 11 : 1-9 ook vanuit H. 6 verklaar moet word, ens.

Op meer as een bladsy het HERNTRICH beslis die neiging om vanuit die terrein van die eksegese oor te gaan, astware „uit te wei" na die velde van die dogmatiserende teologie. Ook daar is dit seker die moeite wêrd om hom te begelei, maar vir die gesonde werkverdeling van die teologiese wetenskappe is sulke „ekskurse" minder wenselik.

HERNTRICH se kommentaar op die eerste, grondleggende twaalf hoofstukke van die boek Jesaja verdien bestudeer en gewaardeer te word as 'n seer persoonlike en seer aktuele bydrae tot die verstaan van die profetiese prediking in ons dae; met oordeelkundige onbevangeheid gebruik sal dit die hantering van die boek Jesaja in die prediking en ander ampsbedieninge van ons predikante uiters vrugbaar maak.

B. GEMSER.

---

ARTUR WEISER, *Das Buch Hiob.* Das Alte Testament Deutsch, Teilband 13. Göttingen, Vandenhoeck u. Ruprecht, 1951. 22, 268 S. Prys by subskripsie DM 9.50, apart 10.80.

Hierdie verklaring van die boek Job deur een van die twee „uitgewers" of redakteurs van die serie Das Alte Testament Deutsch laat baie nuwe lig val op die mees belangwekkende en aangrypende van die Bybelse Wysheidsboeke. Reeds in sy „Einleitung in das Alte Testament" (2te Aufl. 1949, S. 212-218) het WEISER hom rekenskap gegee van die letterkundige en teologiese probleme van die boek en reeds daar was dit opmerklik dat die boek Job nie as 'n leergedig, 'n teoretiese behandeling van die probleem van die lyding van die regverdige, of 'n poging tot regverdiging van die Godsbestuur ('n teodisee) gesien is nie, maar as 'n lewensboek, 'n persoonlike belydenis van die digter vir wie eie lewens- en lydenservaring tot 'n nuwe ontmoeting met

God en 'n dieper sedelik-godsdienstige insig geword het. In die inleiding tot sy Jobkommentaar formuleer WEISER die tema van die boek nog skerper as volg: dit wil beskryf op watter weg Job daartoe gekom het om in sy onbegrepe lyding God die eer te gee (bl. 8); die eintlike tema is nie die lydende Job nie, maar God wie se eer op die spel staan; die eintlike handelende persoon in die boek is nie die mens nie, maar God (bl. 9). Hierdie teologiese, teosentriese beskouing van die boek beheers die hele verklaring. 'n Nuwe visie op die agtergrond, die „Sitz im Leben" van die boek is die verband wat die verklaarder sien tussen die boek Job en wat hy noem „die ideologie van die Verbondscultus" waarin die klaaglied, die himne, die regstryd en die teofanie sy integrerende plek het (bl. 11). Die bladsye oor „Der Sinn des Buches Hiob" is wel van die beste wat oor die moeilik te volge gang van die boek geskryf is. Belangrik is sy waarskuwing dat die weg van Job in sy lyding nie in voortdurend opgaande rigting gaan nie, maar in 'n gedurig op en neer, in 'n worsteling tussen twyfel en sekerheid, tussen geloof en ongeloof, in teenstellings wat dig naas mekaar lê, ja in mekaar verstrik is: „Es ist der Mensch in seinem Widerspruch" (bl. 12). Ewe belangrik is die gedurige deurbraak in die boek van wat WEISER noem „die höhere Gerechtigkeit Gottes", die waaraan alle menselike voorstellings van reg en geregtigheid nie meer kan raak nie en reik nie, die wat gerig en heil albei omvat en wat in die regverigverklaring van die sondaar uit Gods genade sy hoogtepunt van openbaring vind (vgl. bl. 13, 17, 21 en by die eksegese bv. bl. 47 en 256).

'n Uitnemende vertaling, goeie perikope-indeling en treffende opskrifte bo die perikope kenmerk WEISER se bewerking. In die bekende kritiese vraagstukke van samestelling en egheid neem WEISER 'n na die behoudende neigende posisie in, aanmerklik sterker as in sy „Einleitung". So beklemtoon hy aangaande die Proloog minder die verskille met die eintlike corpus van die boek en meen dat die digter tog wel van die aanvang af die prosaverhaal as inleiding bedoel en sterk sy eie stempel op die owerlewering gedruk het. (bl. 24v.). Hoofstukke 26 en 27 word in hulle geheel as redes van Job gehandhaaf en nie oor Job en Bildad en Sofar verdeel nie (bl. 188, 192v.). Wel word H. 28, die gedig oor die onbereikbaarheid van die Goddelike wysheid vir die mens, as later invoegsel beskou, en ook die Elihu-redes, wat nie van die hand van die digter sou afkomstig wees nie, maar 'n dogmatiese korrektuur van 'n epigoon is (bl. 215v.). Daarenteë word die konsep van twee Jahwre-redes gehandhaaf vir die digter, en selfs in die tweede rede die perikope oor die Behemot en die Leviatan en wel merkwaardigerwys as parallelie van die Verbondscultus-tradisie met sy saamgaan van die drie motiewe van teofanie, gerig oor die antigoddelike magte en skepping, terwyl selfs ook die motief van die vreugde van die Skepper in sy skepsele, dus dié van die goedheid van God hierin meespeel (bl. 252-254). Dit wil my voorkom dat die dialektiese teologie en die

hipotetiese kultiese verband van voorstellings die insig wat die skrywer in sy „Einleitung" openbaar (bl. 215) verduister het; waar die skrywer origens in sy kommentaar gedurig soek na die getuienis van die digter van die Jobboek, is hy hier besig met die getuienis van die uiteindelike vorm van die boek soos dit nou voor ons lê, te interpreteer. Hierdie twee metodes van eksegese het elk sy betekenis maar moet goed uit mekaar gehou word (vgl. VAN SELMS se instruktiewe artikel: *Tekstkritiek en Exegese in de behandeling der Psalmen*, Kerk en Theologie, II, 1, bl. 76-96, Wageningen, April 1951). Vir studie en prediking bied WEISER se Jobverklaring 'n nie gou uit te putte skat van kennis en wysheid.

B. GEMSER.

---

ARTUR WEISER, *Die Psalmen* I (Ps. 1-60), II (Ps. 61-150). Das Alte Testament Deutsch, Teilband 14 u. 15. Göttingen, 1950. 564 S. Prys by subskripsie DM 18.60, apart DM 22.40.

In die serie ATD is vir die Psalms 'n ouer bewerking van WEISER in derde druk opgeneem, met die groot onderskeid dat nou al die Psalms behandel is en dat die psalms veel meer as vroeër in hul kultiese verband gesien en daaruit verklaar is. In die inleiding word die sleutel tot hierdie verstaan gegee, in aansluiting aan 'n studie van die skrywer: *Zur Frage nach den Beziehungen der Psalmen zum Kult*, in die *Festschrift für Bertholet*, 1950. Daar stroom inderdaad bondels strale van nuwe lig op die psalmeverklaring vanuit hierdie beligtingspunt; ook gee dit 'n welkome vereenvoudiging van die baie probleme wat die datering, die stylmengings en veral die saamgaan van gedagtekomplekse (soos klag en dank, individuele en kollektiewe uitings, heil en gerig, stryd teen die vyande, die teenstellings van godvresendes en goddeloses, gerig oor en spot met die afgode) betref. WEISER probeer dit alles te verstaan uit 'n veronderstelde fees van gedagtenis en vernuwing van die Verbond deur die Israelitiese stamme wat elke jaar gedurende die herfs gevier sou gewees het en waarvan hy liturgiese brokstukke en baie toespelings in die Psalmbundel vind. Vernuftig kombineer hy hierdie verspreide gegewens tot 'n soort feesritueel, al erken hy dat baie van die eintlike handelinge van daardie Verbondsfees onbekend bly, aangesien hulle alleen in die mondelinge oorlewering van die priesters bebewaar gebly het. Die hoofinhoud van die feescultus is die telkens herhaalde ontmoeting van God en sy volk; hoofelement is die teofanie, die verskyning van God in die heiligdom temidde van die versamelde feesmenigte, die „actio Dei" waarop die hele verdere cultus die „reactio hominum" is. Wat nie duidelik is nie, is hoe hierdie Godsverskyning

voorgestel moet word; die verwysing in die voetnoot bl. 320 na rook en basuingeskal is te summier. Met die teofanie hang die menigvuldige vermelding van die Godsname in die Psalms same, ontstaan uit die selfintroduksie en selfpredikasie van die verskynende God (vgl. Ex. 34:6v.). 'n Tweede element van die feesviering sou gewees het die ingedagtenisbring van die heilsgeskiedenis as wesensopenbaring van Israels God, 'n derde die herhaalde verkondiging van die wilsopenbaring van Jahwê, die goddelike eise, die Wet, in aansluiting waaraan die verbondsvernuwing sou plaas gevind het. Hiermee hang weer saam die gerigsgedagte wat so dikwels in die Psalms voorkom, waarmee die belydenis van trou aan Jahwê en die hernuwde afswering van die vreemde gode gepaard sou gegaan het en daarmee 'n soort van reiniging van die gemeente en uitstoting van die godvyandige elemente. Die gedagte van Jahwê se koningskap is volgens WEISER ook nou verbonde met die viering van die Verbondsfees; oorspronklike samehang met oudoosterse koningideologie word toegestem, maar meer nadruk gelê op die eie Israelitiese stempeling daarvan met baie sterk distansiëring van die menslike en goddelike koning en vervanging van die mitiese gedagte van die ondergaan van 'n lot (sterwe en herryse) deur die van openbaring van Gods koningskap in die heilsgeskiedenis en wilsverkondiging. Die troonsbestyging (hernuwde bewindsaanvaarding) van God is volgens WEISER wel 'n belangrike element van die herfsfees maar nie soos MOWINCKEL dit konstrueer eintlik die een en die al daarvan nie.

In paragraaf V van sy inleiding probeer WEISER dan die Psalms te plaas in die verskillende stadia van die verbondsfees-cultus; in par. VI behandel hy baie oorsigtelik die psalmsoorte en ook hulle weer in die verband van die feesgebeure. Wat ontstaanstyd betref ag hy vrywel die hele psalmdigting voor-eksilies (alleen deurdat die versamelaars vernaamlik behou het wat ook in die na-eksiliese godsverering bruikbaar was of gemaak kon word, kry ons somtyds die indruk van naeksiliese oorsprong); wat outeurskap betref ag hy geen van die in die opskrifte genoemde name die van die werklike digter nie. Ook die versameling het 'n kultiese motief: die psalms is ingelewer en opgeneem in die tempelargief en bewaar vir gebruik in die godsdiensoefening.

Die eksegese van die afsonderlike psalms is kort, helder, saamvattend, met ingaan op die teologiese inhoud en telkens op die samehang met die Verbondscultus. Deur die eensydige beligting vanuit die een feesgebeure val daar nuwe, sterke lig op Israel se Psalmbundel, wat sonder twyfel verhelderend werk. Maar eweas by alle eensydigheid word hier sonder twyfel ook waarheidselemente verwaarloos. Israel het volgens al sy wetscorpora nie een nie maar drie hooffeeste gevier by die heilgdom en ook ander saamkomstye gehad. Moet ons sy Psalms dan nie vanuit die hele jaarcultus verstaan nie, soos BÖHL in *Tekst en Uitleg* probeer het en ook wel ander eksegete voor hom?

Maar nieteenstaande eensydigheid en 'n te veel aan sistematisering begroet ons WEISER se Psalmverklaring in ATD as 'n nuwe bewys hoe verrykend elke nougesette, toegewyde bestudering van hierdie wondere erfenis van die Ou Verbond is en hoe lewendig en fris, hoe ver van vermoeid en uitgeput die Outestamentiese wetenskap ook in ons dae is.

B. GEMSER.